# Geborgenheid as ’n *sine qua non* vir opvoedende onderwys

I.J. Oosthuizen
Fakulteit Opvoedkunde
Potchefstroomse Universiteit vir CHO
POTCHEFSTROOM
E-pos: dopijo@puknet.puk.ac.za

Abstract

Security as a *sine qua non* for education

*Learner security is an imperative for education. Whereas an environment of security is conducive to learning, the absence of it is destructive of effective learning. Some of the factors that are to be taken into account in order to create a sound environment of security for the learner are the following:*

- *the physical well-being of the learner;*
- *the mental well-being of the learner liberated from anxiety and fear and*
- *the competence and proficiency of the teacher.*

*In many respects contemporary South African education is characterised by an absence of security and surity. Some of the reasons for this situation are instances of physical and mental insecurity such as a prevailing culture of physical violence, drug abuse and an alarming rise of contagious diseases in schools. This article focuses on these and other factors responsible for instances of an insecure learning environment in South African education. This article also seeks to find possible solutions towards securing the learning environment of the learner.*

## 1. Oriëntering

Van alle verskyningsvorme van lewe is die mens die enigste wat nie die wêreld voltooid aantref nie. Die mens moet sy leefwêreld ontwerp, inrig en “telkens herkonstitueer” ten einde hierdie ontwerp te kan bewoon (Oberholzer, 1968:314). Hy moet naamlik sy leefwêreld “gedyend tot vergestalting bring” ten einde mens te kan word en te kan wees (Oberholzer, 1968:314). Die “ontvouing van die mens” vind dus plaas deur sy deelname aan die werklikheid saam met andere en in afhanklikheid van andere (Oberholzer, 1968:314).

Binne hierdie ontvouingsgebeure by die mens behoort daar altoos rekening gehou te word met die mens se inherente afhanklikheid van, en behoefte aan geborgenheid. Geborgenheid en veiligheid word nie net allerweë as ’n basiese faktor vir motivering geïdentifiseer nie, maar ook as ’n basiese menslike behoefte (Van der Westhuizen, 1999:196). ’n Ewigheidsperspektief op die mens se behoefte aan geborgenheid dui daarop dat sy grype na geborgenheid vervulling vind in sy geborgenheid met die ewige Burg. Geloof in God verteenwoordig trouens volgens Vaughan (1975:28) die enigste ruimte waarbinne ’n mens werklik geborge kan voel. Barclay (1958:324) verwoord die betekenis van hierdie geborgenheidsbelewenis soos volg: “It means security in all the changes of time and in the judgement of eternity. It is a security as indestructible as God Himself”.

Die kind bevind homself as ’n volledige mens vanaf die oomblik dat hy in sy lyflike verbondenheid met sy moeder geskei word: hy moet nou byvoorbeeld self asemhaal en progressief betrokke raak by selfwording. Hy staan dus vanaf die oomblik van geboorte in ’n bepaalde verhouding tot die werklikheid. Binne hierdie ontisiteit bevind die kind hom as ’n volledige mens wat in sy strewe na werklikheidsontvouing afhanklik is van ’n volwassene. Die volwassene is verantwoordelik as sedelik selfstandige mens om die werklikheid teenoor die kind te ontvou (Oberholzer, 1968:315), met ander woorde: onder leiding van die volwassene word die kind tot die selfstandigheid en verantwoordelikheid van volwassenheid gelei (Van der Walt & Dekker, 1983:154). Letterlik omskryf, word hierdie proses begeleiding, kinderleiding of -opvoeding genoem (Van der Walt & Dekker, 1983:154). Die grondtoon van hierdie proses word dan ook duidelik in die woord *pedagogiek* wat afgelei is uit die Grieks (*pedos* (“kind”) en *agoo* (“lei”) (Van der Walt & Dekker, 1983:154).

Uit die voorafgaande blyk dit duidelik dat, hoewel die kind volledig mens is, hy in eksistensiële nood verkeer tot ’n volwassene die ontisiteit vir die kind ontsluit. Hierdie bestaansnood plaas die kind noodwendig in ’n situasie waarin hy onveilig en onseker voel en sy eie onvermoë ervaar. Hierdie staat waarin die kind verkeer, word deur Van Zyl (1970:3) as ’n staat van niegeborgenheid benoem. Die teenpool – ’n staat van veiligheid, sekerheid en vermoë – kan gevolglik getipeer word as ’n staat van *geborgenheid.* Die kind as ’n noodbehoewende afhanklike bevind hom nou in ’n staat waarin hy “’n intense behoefte aan geborgenheid belewe” (Van Zyl, 1970:137). Van Zyl (1970:3) stel dit dat die herwinning van geborgenheid nie alleen ’n grondvoorwaarde is vir sinvolle opvoedende onderwys nie, maar dat die “opvoedingsgebeure die herwinning van die belewing van geborgenheid beteken”. Dit impliseer dus dat, slegs waar geborgenheid bestaan, daar sprake kan wees van geslaagde

opvoedende onderwys. Vaughan (1975:1) verwoord dit soos volg: "Geborgenheid verteenwoordig 'n baie belangrike moment in die opvoeding; dit is trouens 'n fundamentele voorwaarde vir suksesvolle opvoeding en ontwikkeling van 'n kind".

Die Woordeboek van die Afrikaanse Taal (WAT) teken die betekenis van die woord *geborgenheid* aan as: "toestand van geborge te wees", "toestand van veiligheid", "van vryheid van bekommernisse en sorge" (Schoonees *et al.,* 1988:54).

Semanties is die woord *geborgenheid* gekoppel aan die woord *bêre* wat *wegsit* beteken (Boshoff & Nienaber, 1967:160). Etimologies word die wortels van die woord *bêre* in die Nederlandse woord *bergen* (in ooreenstemming met die Hoogduitse woord *bergen*) gevind (Boshoff & Nienaber, 1967:160). 'n Etimologiese naspeuring van die Nederlandse woord *bergen* dui daarop dat dit onder andere sy oorsprong in die Oudslawiese woord *brega* het. Vertaal in Afrikaans, beteken die woord *brega* "om te sorg vir". In moderne Nederlands word die woord *geborgen* as die verlede deelwoord van *bergen* aangeteken. Die Nederlandse betekenis van die woord *geborgen* is: "in veiligheid" (Geerts & Heestermans, 1992:110). In Afrikaans word die betekenisonderskeidings van die woord *bêre* deur die WAT soos volg aangedui: "in veiligheid bring", "red", "wegsit", "op 'n bestemde plek plaas", "spaar", "weglê", "opberg" (Schoonees *et al.,* 1970:374). *Bêre* het ook 'n sterk etimologiese verwantskap met die Nederlandse *burcht, burg, borg*, *herberg* wat almal die begrip *veiligheid* ondervang (Boshoff & Nienaber, 1967:160).

Wolters (1965:30) stel dit as 'n antropologies grondgegewe dat die kind as mens iemand wil wees en dat hy "oopstaan" vir die werklikheid. Juis dit maak dat die kind opvoedbaar, maar ook kwesbaar is. Juis wanneer die kind nie geborge is nie, is hy blootgestel en kwesbaar. Volgens Van Zyl (1970:145) gee die skending van die kind se ruimte van geborgenheid juis daartoe aanleiding dat sy bereidheid om sy wêreld te ontdek en sy openheid vir die werklikheid geskaad word. Anders gestel: in kongruensie tot die mate waarin die kind se ruimte van geborgenheid geskend word, word sy openheid tot die werklikheid geskaad. Die kind se openheid vir die werklikheid moet as een van die basisse vir die sinvolle verloop van opvoedende onderwys bestempel word. Ingevolge artikel 2 van die Convention on the Rights of the Child van 1989 (VN:1989) word hierdie nood aan geborgenheid soos volg aangedui: "States parties undertake to ensure the child such protection and care as is necessary for his or her well-being …".

In hierdie artikel is daar reeds aangedui dat niegeborgenheid 'n essensiële voorvereiste vir opvoedende onderwys is. Vervolgens gaan

aangetoon word dat enkele tendense van niegeborgenheid in die Suid-Afrikaanse onderwyspraktyk bestaan. Ten einde dit te kon vermag, is gebruik gemaak van voorbeelde uit die onderwyspraktyk, soos wat dit oor ’n periode van een jaar in die nuusmedia gerapporteer is, sowel as van empiriese navorsingsverslae. Daarna word enkele aanbevelings gemaak in ’n poging om ’n verhoogde vlak van geborgenheid te verkry waarbinne harmoniese en versnelde opvoedende onderwys kan gedy.

## 2. Die problematiek van niegeborgenheid in die Suid-Afrikaanse onderwys

Soos hierbo aangetoon, is orde, dissipline, veiligheid, harmonie en wedersydse respek enkele grondvoorwaardes vir geborgenheid. Onge-dissiplineerde of onordelike gedrag deur die leerder, ’n onveilige op-voedende onderwysomgewing, en selfs ’n staat van disharmonie tussen die deelnemende partye kan ’n belewenis van ongeborgenheid tot gevolg hê.

Navorsing wat tot onlangs in Suid-Afrikaanse skole namens *Laduma Film Factory* gedoen is, het onder andere die volgende aan die lig gebrig: die totale afwesigheid van ’n leerkultuur, en die aanwesigheid van ’n staat van ongeborgenheid by verskeie skole. Dié navorsers het die volgende tendense as die vernaamste redes vir die afwesigheid van ’n leerkultuur geïdentifiseer (Motanyane, 1999:9):

- Die hoë frekwensie van verdowingsmiddel- en drankgebruik by skole.
- Verskeie skoolseuns en manlike opvoeders wat die verkragting van skooldogters as aanvaarbaar beskou.
- Leerders wat gevaarlike wapens skool toe bring, hou ’n bedreiging in vir die veiligheid van leerders en opvoeders.
- Die verbreking van ’n vertrouensverhouding en wedersydse respek tussen leerder en opvoeder. In die plek daarvan het gekom ’n staat van wedersydse blaamverplasing vir die afwesigheid van orde en dissipline by die skool.

In die opvolgende paragrawe sal hierdie stand van ongeborgenheid in fyner besonderhede ontleed word.

### 2.1 Die afwesigheid van sorgsame toesighouding

Daar rus ’n verpligting op die opvoeder om sorgsaam om te sien na die fisiese en geestelike welsyn van die leerder. Daar word trouens van regsweë verwag dat die opvoeder as ’n professioneel geskoolde hierdie rol met deskundigheid sal volvoer. Reeds so vroeg soos 1925 het regter

De Villiers dit in die appèlhofsaak *Transvaal Provincial Administration v Coley* soos volg gestel:

> The care which is exacted by our law is that which the *diligens paterfamilias* [sorgsame gesinshoof] would have taken in the circumstances. It is not the care which the man takes in his own affairs, nor that which the ordinary or average man would take. It is higher than that [outeursinvoeging].

In die huidige Suid-Afrikaanse onderwysbestel is daar egter by sommige opvoeders duidelike blyke van 'n negering van hul sorgsame toesighoudingsrol. Dit het 'n groot mate van ongeborgenheid by leerders tot gevolg. Voorbeelde hiervan word in die volgende paragrawe aangeraak.

## 2.2 Voorbeelde van niegeborgenheid

### 2.2.1 Niegeborgenheid teen beserings

As deel van 'n selfhelpprogram om geld te spaar het leerlinge van 'n skool in Dar es Salaam (Tanzanië) gehelp om 'n nuwe klaskamer aan te bou. Terwyl hulle besig was om sand uit te grawe waarmee hul 'n nuwe klaskamer by die skool wou bou, het 'n sandheuwel op hul ingestort. Tien leerlinge is lewend onder die sand begrawe. (Anon., 1999(a):18).

Ten einde dié niegeborgenheidsrisiko teen beserings te verlaag behoort die geborgenheidsklimaat in skole verhoog te word deur byvoorbeeld opvoeders meer bewus te maak van hul sorgsaamheidverpligting teenoor leerders en die leerder se grondwetlike reg tot fisiese sekerheid (vergelyk paragraaf 3).

### 2.2.2 Niegeborgenheid teen 'n dwelmmisbruikkultuur

'n Verskynsel wat in 'n toenemende mate verantwoordelik is vir die aanwesigheid van niegeborgenheid om en in sekere skole, is die toename in dwelmmisbruik. Enkele tendense wat dwelmmisbruik raak, is die volgende:

- Die grootste persentasie van die hulpsoekers by die Kaapse Dwelmvoorligtingsentrum is tieners.
- Opnames toon dat 82% van die mense voor die ouderdom van 20 jaar met een of ander vorm van dwelms geëksperimenteer het.
- In 'n toenemende mate begin dwelmmisbruik nou ook onder laerskoolkinders kop uitsteek.
- Graad 11-leerders van die Wes-Kaap het in 1997 R22 miljoen bestee aan verbode dwelms, alkohol en sigarette (Anon., 1999(h):2).

Ten einde hierdie staat van ongeborgenheid doeltreffend te beveg, kan die staat van geborgenheid by die skool verhoog word deur byvoorbeeld te poog om leerders te visenteer vir die besit van verbode verdowingsmiddels (vergelyk paragraaf 3).

### 2.2.3 Niegeborgenheid teen 'n kultuur van fisiese geweld

Soos wat die geval in Suid-Afrika is, word daar in die VSA en Groot Brittanje met ontsteltenis gepraat van die bestaan van 'n subgroep jeugdige oortreders in die samelewing: "… there is a disturbing subgroup in every society: extreme offenders between the ages of 12 and 16 who have committed some of the most serious criminal acts – murder, rape, violent and/or sexual assault" (Peacock, 1999:9). Enkele voorbeelde van hierdie verskynsel wat bydra tot 'n staat van ongeborgenheid in die skool is die volgende:

- 'n Opvoeder van die Fordsburg Primary School het tereg gestaan op 'n aanklag van aanranding nadat sy die arm van 'n leerder in haar klas gebreek het. Die rede wat deur die opvoeder aangevoer is, is dat sy haar humeur verloor het omdat die leerder in die klas gesit en slaap het (Jackson-Azzakani, 1999:4).
- By die Vukubone High School by Driefontein het die leerders gereageer op die hoë druipsyfer deur in die skoolhoof se kantoor in te storm met die slagspreuk "pass one pass all" (Mtsali, 1999:13). Hulle het daarop aangedring dat hulle almal na die volgende standerd gepromoveer moes word. Op aanbeveling van 'n plaaslike departementele amptenaar, wat vir sy lewe gevrees het, het die skoolhoof gevolglik aan die leerders se eise toegegee. Dit het tot gevolg gehad dat selfs die druipelinge, insluitend dié wat op daardie stadium maande vantevore skool verlaat het, teruggekom het skool toe en gepromoveer is na die volgende standerd.
- Mnr. Makumbila berig dat daar by die skool waar hy skoolhou onwaar gerugte aangaande hom versprei is, naamlik dat hy met een van die leerders in die huwelik sou tree. 'n Leerder van graad 11 wat hiermee ontevrede was, het terwyl mnr. Makumbila uit die klas gestap het, hom onverwags van agter af met 'n mes in die rug gesteek. Toe hy poog om te vlug, is hy in die maag gesteek, waarna hy sy bewussyn verloor het. Hoewel hy die aanval oorleef het, som hy die situasie by skole soos volg op: "Learning institutions have been transformed into battle zones" (Makumbila, 1999:7).
- By die Richmond Combined School (Bridgraj, 1999:6) moes die skoolhoof, aan die begin van 1999 tydens die politieke geweld in Richmond, elke dag bewaak word teen moontlike aanvalle deur leerders.

Hy is soggens deur tien gewapende lyfwagte vergesel van sy huis af tot by die skool, waarna hy dan gedurende die verloop van die dag by die skool bewaak is. Later in die dag is hy weer deur die lyfwagte vergesel tot by sy woning.

- Met die kwalitatiewe navorsing wat namens Laduma Film Factory onderneem is, het een van die respondente (wat 'n opvoeder is) soos volg gerapporteer: "We don't say anything when we see students looting. We are afraid. We are used to guns going off at school" (Motanyane, 1999:9).
- Gewapende rowers het gedurende Julie vanjaar by die Laerskool Marken toegeslaan en die skool van R100,000 beroof (Fourie, 1999 (a):14).
- Toe sewentien rowers die veiligheidswagte van skoolgeld wou beroof, is meer as sestig vuurwapenskote in skooltyd op die skoolterrein van Laerskool Uniefees tussen veiligheidswagte en rowers afgevuur. Sommige van die leerders is so getraumatiseer dat hul deur middel van berading gehelp moes word om die voorval te verwerk (Pieters, 1999:1).

Ten einde 'n ruimte van geborgenheid teen fisiese geweld daar te stel, behoort die dissiplinering van leerderoortreders sowel as die beveiliging van skole verhoog te word (vergelyk paragraaf 3).

### 2.2.4 Niegeborgenheid teen seksuele molestering en verkragting

Laduma Film Factory se omvattende ondersoek na toestande by skole in die land het aangetoon dat groot leemtes bestaan in die leerkultuur by skole. Die vernaamste rede blyk te wees dat in sommige gevalle geen geborgenheid teen wanorde, dissiplineloosheid en anargie bestaan nie. In baie gevalle waar onderhoude gevoer is, was daar 'n onbeskaamde houding van goedkeuring van verkragting. Met die aantal verkragtings per 10 000 mense van 'n bevolking as norm, blyk dit dat Suid-Afrika, wat verkragtingfrekwensies betref, nommer een op die wêreldlys is (Tempelhoff, 1999(b):11).

Enkele voorbeelde wat tekenend is van dié kultuur wat 'n neerslag in skole begin vind, is die volgende:

- 'n Sesjarige Graad 1-leerder van 'n laerskool in Primrose is gedurende skooltyd in die skool se toilette deur 'n vreemde man verkrag (Swanepoel, 1999(b):1).
- 'n Opvoeder van die Krugerlaanskool vir Buitengewone Onderwys het na bewering 'n seksuele verhouding met 'n leerder gehad as gevolg

waarvan sy swanger geraak het en geboorte aan ’n tweeling gegee het (Tempelhoff, 1999(a):3).

- In twee afsonderlike voorvalle wat by twee afsonderlike Afrikaanse hoërskole voorgekom het, het onderwyseresse hul skuldig gemaak aan die oortreding van artikel 14(3)(b) van die Wet op Seksuele Misdrywe (Swanepoel, 1999(a):3). Gemelde artikel bepaal dat enige persoon wat ’n onsedelike daad met ’n seun of meisie onder die ouderdom van 16 pleeg, of probeer pleeg aan ’n misdryf skuldig is.
- Vyf onderwysers van die Sihlangene Primary School in Mmpumalanga het vyf leerders tussen die ouderdomme van agt en twaalf jaar oud gedwing om seksuele dade voor mekaar in ’n klaskamer te pleeg (Van der Westhuizen, 1999:2).

Die niegeborgenheid ten opsigte van seksuele molestering en verkragting behoort teengewerk te word deur die beklemtoning en nalewing van Christelike geborgenheidswaardes by leerders en opvoedergedragskodes.

### 2.2.5 Niegeborgenheid teen ongeneeslike siektes

Skole kan nie geïsoleer word van die niegeborgenheid wat opgesluit lê in die gevaar van vigs-besmetting nie.

’n Woordvoerder van die Transvaalse Onderwysersvereniging het verklaar dat dit wil voorkom asof elke denkbare poging aangewend word om die identiteit van MIV-positiewe persone geheim te hou. Hy het voorts gesê dat dit duidelik is “dat die minister die regsaanspreeklikheid van sy departement nie verreken het indien iemand die siekte by die skool opgedoen het terwyl die owerhede van die risiko geweet het, maar niemand daaroor ingelig is nie” (Joubert, 1998:2).

Volgens syfers wat in 1998 deur die Wêreldgesondheidsorganisasie bekend gestel is, was 30 miljoen mense wêreldwyd met die MI-virus besmet (Squire, 1998:15).

Die kontinent van Afrika toon die hoogste persentasie vigsbesmetting in die wêreld (Swanepoel, 1999(c):13). Uittrreksels uit die statistiek oor die verspreiding van vigs in Afrika, suid van die Sahara, is die volgende:

- Uit die 14 miljoen mense wat wêreldwyd reeds aan vigs gesterf het, was 11 miljoen in Afrika suid van die Sahara (waarvan 25% kinders was) (Anon., 1999(b):2).
- Van die agtmiljoen vigswesies wat tans in die wêreld is, bevind 90% hul suid van die Sahara.

- In Afrika, suid van die Sahara, is vigs tans die grootste van alle doodsoorsake (Anon., 1999(g):2).
- Vier uit vyf van die wêreld se MIV-positiewe vroue kom in dié streek voor (Anon., 1998:15).

Die amptelike Suid-Afrikaanse vigssyfers word deur baie mense as “die oortjies van die seekoei” omskryf (Anon, 1999(b):1). Enkele stellings kan die moontlike korrektheid van dié waarneming bevestig, is:

- Dr. Kobus Gous het verklaar dat 50% van alle toelatings in die sale van die Gautengse hospitale vigsverwant is (Anon, 1999(b):1).
- Die helfte van Suid-Afrika se kindersterftes onder die ouderdom van vyf jaar is aan vigs te wyte (Anon., 1999(b): 2).
- ’n Groot Suid-Afrikaanse mynmaatskappy het in 1998 200 mynwerkers uit ’n groep van 7,000 geselekteer vir vigstoetse. Al 200 was MIV-positief (De Lange, 1999(a):6).

’n Verdere versombering van die beeld is dat, benewens die feit dat ’n groot persentasie van die leerders met MIV besmet is, ’n groot persentasie van die opvoeders ook met dié virus besmet is:

- Uit ’n verslag wat deur ’n Swazilandse skole-inspekteur saamgestel is, blyk dit dat 70% van die Swazilandse onderwysers met MIV besmet is (Anon.,1999(c):3).
- In Malawi is 30% van die opvoeders besmet (Anon., 1999(b):2).
- Volgens ’n verklaring wat deur mnr. Asmal uitgereik is, is 45 000 van die 300 000 Suid-Afrikaanse onderwysers met MIV besmet.

Die hoogste vorm van geborgenheid teen hierdie lewensgevaar is sekerlik ingebed in die Christelike lewenswyse. Die uitleef van ’n religieuse grondhouding kan van onskatbare waarde wees by die daarstelling gesondheid- en lewensgeborgenheid by leerder en opvoeder. Die aanmelding van vigsbesmetting sal ook ’n belangrike rol speel in die stand van geborgenheidsnood.

### 2.2.6 Niegeborgenheid teen doodslag

Vigsbesmetting is egter nie die enigste saak wat die leerder se geborgenheid en veiligheid bedreig nie – daar is ook insidente van koelbloedige doodslag by skole. Enkele voorbeelde van insidente van koelbloedige doodslag wat in ’n opvoedende onderwysomgewing voorgekom het, sluit die volgende in:

- Twee leerders van die Columbine High School in Littleton, VSA het sonder waarskuwing met ’n vuurwapen op medeleerders in die skool losgebrand en 25 medeleerders doodgeskiet en ’n verdere 20 gewond (Anon., 1999(l):1). Benewens die gebruik van vuurwapens het hulle ook handgranate tussen medeleerders ingegooi voordat hulle hulself geskiet het (Crittenden, 1999:1).
- ’n Veertienjarige leerder van die W.R. Meyers High School het koelbloedig met ’n geweer op twee medeleerders losgebrand, die een verwond en die ander een doodgeskiet (Anon., 1999(d):3).
- ’n Leerder van die Thandokulu High School is in ’n klaskamer oorlede nadat ’n vuurwapen waarmee hul gespeel het, per ongeluk afgegaan en hom noodlottig gewond het (Anon., 1999(j):3).
- ’n Twintigjarige leerder van die Hoërskool Vryburg het een van sy medeleerders na ’n klaarblyklike woordewisseling by die skool se snoepwinkel met ’n mes in die skouer gesteek (Erasmus,1999:4). Dié leerder is later skuldig bevind aan aanranding.
- ’n Matriekleerder van die Town View High School in Krugersdorp (wat vroeër vir ’n tydperk geskors was weens drankmisbruik) het doodluiters in ’n klaskamer ingestap en ’n opvoeder koelbloedig doodgeskiet terwyl hy voor die klas gesit en nasien het (Anon., 1999(g):6). Die hulp van sielkundiges moes later ingeroep word om die getraumatiseerde leerders te kalmeer (Kühne,1999:1).
- Twee gewapende rowers by Olifantsvlei Primary School het in ’n klas ingestorm, die onderwyseres trompop geloop en haar doodgeskiet (Kruger, 1999:2). Die meeste van die leerders was so getraumatiseer dat hul die volgende dag nie skool toe gegaan het nie. ’n Hulpspan, waaronder ’n aantal sielkundiges, moes later die skool besoek om getraumatiseerde leerders en opvoeders met berading by te staan.
- By die Ancor Secondary School in Orlando-Wes het ’n onderwyser drie van sy kollegas in die skool se personeelkamer doodgeskiet. Hierdie gebeure het plaasgevind terwyl die leerders skoolgegaan het (Van Zyl, 1999:1).
- Nadat ’n opvoeder van die Maselekwane High School naby Duivelskloof in ’n rusie met sy agtienjarige vriendin betrokke geraak het, het hy uit weerwraak die jonger broertjie en sustertjie van sy vriendin koelbloedig doodgeskiet (Fourie, 1999(b):14).

### 2.2.7 Niegeborgenheid van onbekwame opvoeders

Binne die raamwerk van die onderwysprofessie is die beheersing van sekere vaardighede en kennis ’n voorvereiste vir die doeltreffende beoefening van dié professie. Ten einde hierdie vaardighede en kennis

te kan beheers, moet die voornemende vakkundige aan lang en intensiewe skoling blootgestel word.

Die omvangryke, landwye navorsingsverslae van die PEI (President's Education Initiative Research Project) wat namens die Nasionale Onderwysdepartement gedoen is en voorverlede jaar bekendgestel is, het skokkende bevindinge in hierdie verband vertoon. Enkele uittreksels belig dié dilemma:

- In een van die samevattende verslae oor ondersoeke wat op Wiskunde- en Wetenskaponderwysers en hul leerders gedoen is, is die bevindinge soos volg opgesom (Taylor & Vinjevold, 1999:141):

  > The results of the tests indicate that teachers' knowledge of key mathematics and science topics at the Grade 5 to 7 levels is little better than that of their pupils, and that teacher knowledge is distressingly low in some topics. Overall, teachers did not score any better on the Grade 6 electricity tests than their pupils did, and only slightly better on the measurement tests.

- In die samevattende hoofstuk word aangetoon dat die onderwysers se konseptuele vaardighede in, en vakkundigheid van die vakke waarin hul onderrig gee, oor die algemeen op so 'n lae vlak is dat dit 'n negatiewe invloed uitoefen op die leeruitkomste van die leerders (Taylor & Vinjevold, 1999:230):

  > The most definite point of convergence across the PEI studies is the conclusion that teachers' poor conceptual knowledge of the subjects they are teaching is a fundamental constraint on the quality of teaching and learning activities, and consequently on the quality of learning outcomes.

  Dit verklaar gevolglik ook waarom daar bevind is dat die konseptuele vaardighede van leerders oor die algemeen ver benede die verwagte vlakke is. Ten opsigte van lees- en skryfvaardighede word die bevindinge byvoorbeeld soos volg gerapporteer (Taylor & Vinjevold, 1999:231):

  > Books are very little in evidence and reading is rare. Writing is also infrequent and, when practised by students, it hardly ever progresses beyond single words or short phrases. The single most worrying observation is the evidence suggesting that many teachers are unsure as to whether reading is specified as an outcome of curriculum 2005. Because of this uncertainty and confusion, some teachers are not teaching reading as an explicit activity.

Die 1999 navorsingsverslag oor die provinsiale oudit van die Noordwesprovinsie, het aangetoon dat ondergekwalifiseerde onderwysers een van

die vernaamste redes was vir die feit dat die slaagsyfer van matrikulante in die provinsie van 66% in 1996 tot 50% in 1997 gedaal het (Du Preez, 1999:12).

Navorsingsuitslae oor Noordwes se swak matriekeksamenuitslae van 1997 is ook 'n tyd gelede bekend gemaak. Die populasie van 3891 respondente het bestaan uit 48 skoolhoofde, 610 onderwysers en 3233 leerders. Die oorkoepelende bevinding van die navorsers was dat die swak prestasie toegeskryf kan word aan 'n ingesteldheid van: *blame it on someone else.* Terwyl die skoolhoofde en onderwysers van mening was dat die swak uitslae veral te wyte was aan faktore soos departementele beleid en probleme by die ouerhuis, was die leerders weer van mening dat dit veral te make het met 'n gebrek aan handboeke en swak onderrig. In prioriteitsorde van belangrikheid gerangskik, is die oorsake vir swak uitslae volgens die leerders die volgende:

- 'n Gebrek aan toepaslike handboeke.
- 'n Gebrek aan biblioteekfasiliteite.
- Probleme om verhelderingsvrae in die klas te vra.
- Onderbrekings weens onderwyserstakings.

In die lig van 'n verklaring wat deur mnr. Asmal uitgereik is, wil dit voorkom of die swak onderrig deur leerkragte 'n besliste probleem blyk te wees. Hy het naamlik in sy verklaring verwys na 'n navorsingsverslag waarin bevind is dat 60% van Suid-Afrika se graad 3-leerders nie kan lees nie (Anon., 1999(k):6).

Wat dié prentjie verder donkerder maak, is die feit dat die inspeksie van opvoederwerksaamhede en die evaluering van vakstandaarde deur onderwyssuperintendente by baie skole gestaak moes word omdat die opvoeders weier dat die superintendente op die skoolterrein toegelaat word (Ntombela, 1999:6).

Ten einde die geborgenheid van 'n gesonde onderrigleerklimaat te verseker moet die leermeester se meesterskap ten opsigte van vakverwante kundigheid en vaardigheid seer sekerlik bo verdenking wees. Die leermeester is immers verantwoordelik vir die begeleiding van die leerder na die ruimte van geborgenheid van verhoogde kundigheid. En ook vir die begeleiding van die leerder na die geborgenheid van navolgenswaardige gedrag en optrede.

## 3. Aanbevelings

In die lig van die voorafgaande tendense van ongeborgenheid wat by skole voorkom, word die volgende aanbevelings gemaak met die oog daarop om 'n hoër vlak van geborgenheid daar te stel:

### 3.1 Aanpassing by 'n fundamentele regtekultuur

Die imperatief dat Suid-Afrikaanse skole in ooreenstemming met fundamentele regte bestuur moet word, is soos volg opgeneem in die aanhef tot die Wet op Nasionale Onderwysbeleid (SA, 1996(b)):

> Nademaal dit nodig is om wetgewing aan te neem om die demokratiese omskepping van die nasionale onderwysstelsel in 'n stelsel wat in die behoeftes voorsien en die belange dien van al die mense van Suid-Afrika en hulle fundamentele regte handhaaf.

Ten einde 'n ruimte van geborgenheid vir opvoedende onderwys daar te stel, sal die onderwysdeelnemendes hulself met betrekking tot hul denke en optrede moet aanpas by bepalings in die Grondwet soos byvoorbeeld dat:

- 'n kind se "beste belang" van deurslaggewende belang is "in elke aangeleentheid wat die kind raak" (SA, 1996(a):artikel 28(2));
- die "ingebore waardigheid" van elke leerder en sy/haar "reg dat daardie waardigheid gerespekteer en beskerm word", erken en toegepas word in die opvoedende onderwyspraktyk (SA, 1996(a):artikel 10);
- alle leerders die geleentheid gegun word om ongeag sy/haar geslag, ras, etnisiteit, godsdiens, geloof, gewete, kultuur en taal gelyke geleenthede gegun word om aan opvoedende onderwys blootgestel te word (SA, 1996(a):artikel 9(3)).

### 3.2 Die verhoging in die frekwensie van onderwysregsopleiding

Die onderwysreg as tussendissipline van die algemene reg en die opvoedkunde is by uitstek geskik vir die daarstelling van 'n ruimte van geborgenheid waarin opvoedende onderwys kan gedy (Oosthuizen, 1999:19). Die daarstelling van so 'n geborgenheidsruim kan funksioneer om die volgende aspekte te bewerkstellig (Oosthuizen, 1999:4):

- die ordening van die regte en verpligtinge van die onderskeie onderwysbelanghebbendes;
- die daarstellling van harmoniëringspatrone vir samewerking tussen die onderskeie onderwysdeelnemers om opvoedende onderwys te bevorder;

- die daarstelling van ’n gedefinieerde basis vir, en ’n duidelike implimenteringsproses vir onderwysprofessionalisering;
- die definiëring van werkbare opvoedende onderwysstrukture vir opvoedende onderwys.

Een van die probleme met betrekking tot die verdiskontering van die onderwysreg in die onderwyspraktyk is die relatiewe onkunde oor onderwysreg en die implementering daarvan wat oor die algemeen by opvoeders en selfs onderwysbestuurslui bestaan (Kruger, 1997:104; Els, 1994:73; Havenga, 1994:79). Die navorsing waarna vroeër verwys is, het veral aangetoon dat daar ’n gebrek aan kundigheid by die opvoeder bestaan ten opsigte van sy opdrag om sorgsaam toesig te hou oor die opvoedeling.

Een van die redes vir hierdie gebrek aan onderwysregskundigheid moet waarskynlik by onderwysregsopleiding in Suid-Afrika gesoek word. Joubert het in 1998 in haar navorsing oor die aanbieding van Onderwysreg by Suid-Afrikaanse tersiêre inrigtings bevind dat Onderwysreg slegs by ses universiteite, sewe onderwyskolleges en vier technikons aangebied word (Joubert, 1998:210). Haar navorsingsresultate het verder ook aan die lig gebring dat die meeste van dié inrigtings Onderwysreg eers na 1990 ingevoeg het om deel uit te maak van onderwysersopleiding.

Die frekwensie van onderwysregkundige opleiding behoort verhoog te word deur die instelling en aanbieding van meer graad- en sertifikaatkursusse by opleidingsinrigtings ten einde die onderwysregdinamika van geborgenheid tot ’n groter mate in die praktiserende onderwys vry te stel.

### 3.3 Die visentering van leerders vir gevaarlike wapens en verbode dwelms

Dit kan seker aanvaar word dat die aanwesigheid van gevaarlike wapens en verbode dwelms hoegenaamd nie bevorderlik is vir die daarstelling van ’n ruimte van geborgenheid in die opvoedende onderwysomgewing nie. Trouens, daar kan waarskynlik met sekerheid aangevoer word dat die fisiese veiligheid en welsyn van die leerder as die vernaamste voorvereiste vir die daarstelling van sodanige ruimte van geborgenheid gesien behoort te word. ’n Moontlike strategie ter bekamping van die probleem is onder andere geleë in die aanwending van vereenvoudigde vorme van metaalverklikkers en juridies verantwoordbare visenteringsmetodes by skole.

Skole in New York, soos wat die geval in baie ander Amerikaanse stede is, “het lank geswoeg om maniere te vind waardeur skole veiliger

gemaak kan word" (Pieters, 1999:6). Die keerpunt het in 1992 gekom toe twee leerlinge in 'n skietery by 'n skool in Brooklyn, New York dood is. Metaalverklikkers is by al die skole in die stad geïnstalleer. Vandag is die gebruik van 'n wye verskeidenheid metaalverklikkers by skole in die VSA aan die orde van die dag. Leerders wat in besit van 'n vuurwapen of 'n mes betrap word, word dadelik geskors. Amerikaanse statistieke van 1997 toon aan dat sterftes op die skoolterrein van 50 leerders per jaar afgeneem het tot minder as 25 per jaar.

Die teenstanders van die aanwending van metaalverklikkers en die visentering van leerders by skole maak die stelling dat dit inbreuk maak op die reg op privaatheid van leerders. Ingevolge artikel 14 van die Suid-Afrikaanse Grondwet het elkeen 'n reg op privaatheid. Hierdie artikel bepaal naamlik (SA, 1996(a)): "Elkeen het die reg op privaatheid, waarby inbegrepe is die reg dat hul eiendom nie deursoek word nie".

Artikel 36 van die Grondwet baan die weg vir die prioretisering van regte deur die afweeg van belange in die lig van die besondere omstandighede en die besondere regte wat ter sprake is. In die lig van "die belangrikheid van die doel van die beperking" behoort 'n sterk saak uitgemaak te kan word dat – waar daar 'n redelike vermoede bestaan, visentering op 'n redelike wyse volvoer word en dit ten doel het om die veiligheid van al die leerders te bevorder – die individuele leerder se reg op privaatheid regmatig beperk kan word ter wille van al die leerders.

In skedule 3.8 van die Riglyne vir die Oorweging deur Beheerliggame in die Aanvaarding van 'n Gedragskode vir Leerders (SA, 1998:4) word duidelike riglyne uitgespel vir die deursoeking van leerders vir onder andere gevaarlike wapens, vuurwapens, dwelms, skadelike of gevaarlike middels, gesteelde eiendom of pornografiese materiaal. Die vereistes vir regsgeldige visentering is soos volg (SA, 1998:4):

- Daar moet 'n redelike vermoede bestaan dat sodanige items in die besit van die besondere leerder is.
- Die deursoekmetodes moet redelik van aard wees.
- Gedurende so 'n deursoeking moet die leerder se menswaardigheid eerbiedig word.
- Dit is wenslik dat die deursoeking in die teenwoordigheid van minstens een ander persoon sal plaasvind.
- 'n Behoorlike skriftelike verslag van die deursoekingsprosedures en die uitslag daarvan moet gehou word.
- In *Mondstuk* (Anon.,1999:3) word heeltemal tereg ook bygevoeg dat die toegang van persone en voertuie tot die terrein beheer (en

onderworpe aan deursoeking) kan word. Dit sou vir dié doeleindes raadsaam wees om 'n kennisgewing by die ingang tot die skool aan te bring wat aandui dat die reg tot toegang beheer word.

### 3.4 Die verklaring van vigs tot aanmeldbare siekte

Soos wat hierbo aangedui is, is die opvoeder verantwoordelik vir die sorgsame toesig van die leerders gedurende die verloop van skoolaktiwiteite. Die beskerming van leerders teen MIV-besmetting word bykans onmoontlik gemaak indien die opvoeder nie bewus is wie van die leerders vigslyers is nie.

Verskeie standpunte om vigs as aanmeldbare siekte te beskou, is al in die verlede geneem:

- 'n Nuusbrief van die Suid-Afrikaanse Vereniging vir Onderwysreg en -Beleid neem onder andere die standpunt in dat aangesien siektes soos masels en pampoentjies ingevolge die Gesondheidswet as aanmeldbaar geklassifiseer word, vigs des te meer aanmeldbaar behoort te wees (Anon., 1999(f): 3).
- Die uitvoerende komitee van COSATU is ook van mening dat die geheimsinnigheid rondom die identifisering van vigslyers nie bevorderlik is vir die bekamping daarvan nie (De Lange, 1999(b):1).

Die voormalige minister van gesondheid, dr. Zuma, het verklaar dat vigs 'n aanmeldbare siekte behoort te wees, maar dat die identiteit van vigslyers nie bekend gemaak moet word nie ten einde stigmatisering te voorkom (Anon., 1999(i):1).

- In Uganda en die Ivoorkus word vigs die afgelope aantal jare tot aanmeldbare siekte geklassifiseer (Anon., 1999(e):5). Dit word as een van die redes aangegee vir die afname in MIV-besmetting in dié twee lande.
- Die Suid-Afrikaanse Weermag steun die prinsiep dat vigslyers geïdentifiseer moet word en dat dit aanmeldbaar moet wees. Die Suid-Afrikaanse Weermag het trouens reeds met 'n projek begin waarvolgens MIV-toetse stelselmatig op alle soldate gedoen word. Die belangrikste rede hiervoor is die riglyne wat gegrond is op 'n protokol van die Verenigde Nasies wat bepaal dat enige soldaat wat as 'n VN-soldaat ontplooi word, MIV-negatief moet wees (Potgieter, 1999:17). Hoewel die protokol nie internasionaal bindend is nie, en die verantwoordelikheid vir die nakoming daarvan aan 'n besondere land oorgelaat word, moedig dit tog die internasionale gemeenskap aan om die bepalings daarvan na te kom (Benade, 1999).

### 3.5 Beklemtoning van opvoederbekwaamheid

Dit wil soms voorkom asof die grondwetlike imperatief tot regstellende aksie in die praktyk soms met soveel haas gedoen word dat ’n noodsaaklike voorvereiste vir geborgenheid soos bekwaamheid ingeboet word. Die ander Grondwetlike imperatief naamlik “dat ’n kind se beste belang” van “deurslaggewende belang” is “in elke aangeleentheid wat die kind raak” sal byvoorbeeld hierteen opgeweeg moet word (SA, 1996(a): artikel 28(2)). Opvoederbekwaamheid is ooglopend in die beste belang van die kind.

### 3.6 Die uitleef van ’n religieuse grondhouding in opvoedende onderwys

Soos reeds hierbo aangetoon, beteken ware opvoeding dat die leerder stelselmatig beklee word met ’n verantwoordelikheid teenoor God (Van der Walt & Dekker, 1983:195). Anders gestel kom dit daarop neer dat ware opvoeding slegs binne die ruimte van geborgenheid van verantwoordbaarheid teenoor God en sy gebod verwesenlik kan word. Die Christenopvoeder behoort van die beskermende raamwerk van die Grondwet gebruik te maak ten einde die leerder te beklee met Bybelgefundeerde waardes en norme. Die Grondwet bied onder andere aan die gelowige die volgende regte en vryhede met betrekking tot sy/haar geloof (Malherbe, 1998:680):

- Die reg op vryheid van geloof ingevolge artikel 15.
- Die reg om sodanige geloof openlik te belei (en daaroor te getuig) en dit te verkondig sonder vrees vir vergelding (artikel 16).
- Die reg om met ander gelowiges van ’n persoon se oortuiging te assosieer (artikel 15).
- ’n Reg om sy/haar godsdiens op ’n individuele sowel as ’n kollektiewe vlak te beoefen (en te geniet) (artikel 31).

Hierdie regte moet in die opvoedende onderwyssituasie gekoester en aangewend word tot die uitbouing van ’n ewige burg in die lewe van die leerder.

## 4. Samevatting

In die inleidende paragrawe van hierdie artikel is dit duidelik gemaak dat die hele opvoedende onderwysverloop ten nouste verweef is met die geborgenheidsbelewenis van die opvoedeling. Van Zyl (1970:3) gaan so ver om te sê dat “opvoedingsgebeure die herwinning van geborgenheid beteken”.

Daar is tendense van niegeborgenheid te bespeur in die kontemporêre Suid-Afrikaanse onderwyspraktyk. Dié staat van ongeborgenheid het 'n remmende effek, nie net op die fisieke en geestelike geborgenheidsbelewenis van die leerder nie, maar ook op die opvoedende onderrigruim waarbinne die leerder hom bevind.

Voorbeelde van 'n gebrek aan sorgsame toesighouding van die leerder – soms as gevolg van 'n gebrek aan opvoederkundigheid – het 'n verdelende invloed op leerderfokus. In plaas daarvan dat die leerder in 'n omgewing van geborgenheid enkelvoudig net op die leerinhoude kan fokus, moet hy/sy nou ook op selfbeskermingstrategieë konsentreer.

Opvoederkundigheid kan seker met reg as een van die grondstene van opvoedende onderwys bestempel word. In die kontemporêre onderwysarena is daar tendense van opvoederonbekwaamheid. Onderwysbekwaamheid kan naamlik gesien word as 'n ruimte van geborgenheid, van vaardigheid en kundigheid wat instrumenteel is in die begeleiding van die opvoedeling wat geborgenheid nodig het. Dit is dan ook vanuit dié invalshoek dat Van der Walt en Dekker (1983:9) opvoeding omskryf as 'n "na bo leiding" (onder andere die begeleiding na 'n hoër vlak van kennis en kundigheid) van die opvoedeling deur die opvoeder wat "'n professioneel opgeleide persoon is". Opvoederonbekwaamheid is en kan dus nooit deel uitmaak van 'n geslaagde opvoedende onderwysverloop nie; trouens, dit kan veel eerder die geborgenheid van 'n gesonde onderwyskultuur skaad en 'n demper plaas op die stimulus van 'n dinamiese opvoedende onderwysklimaat.

Benewens maatreëls wat tot die fisiese en geestelike beveiliging van die leerder getref behoort te word, behoort die opvoeder behoorlik toegerus te word om nie net sy/haar taak as vakkundige na behore te kan volvoer nie, maar ook om as vakkundige sy/haar taak in bekwaamheid te volvoer.

## Bronnelys

ANON. 1998. Vigs tref dié deel van Afrika erg. *Rapport*, Oktober 18.
ANON. 1999(a). Lyke gekry van tien leerlinge wat lewend begrawe is. *Beeld*, Julie 30.
ANON. 1999(b). Vigs maai onder SA se kinders. *Beeld*, Julie 23.
ANON. 1999(c). 70% leerkragte hier het vigs. *Beeld*, Mei 13.
ANON. 1999(d). Seun brand los in Kanadese skool. *Beeld*, April 3.
ANON. 1999(e). SA lande SA een voor in vigsstryd. *Beeld,* Mei 6.
ANON. 1999(f). HIV in South African schools. *SAELPA Newsletter,* 4(2): July.
ANON. 1999(g). Vigs nou die dodelikste aansteeklike siekte. *Beeld*, Mei 12.
ANON. 1999(h). VN-hulp kom oor dwelms. *Beeld,* Maart 31.
ANON. 1999(i). Vigs nou 'n aanmeldbare siekte, sê minister. *Beeld*, Maart 4.
ANON. 1999(j). Pupil dies in classroom shooting. *Argus,* September 3.

ANON. 1999(k). 60% van SA se gr. 3's kan nie lees nie. *Beeld*, Oktober 8.
ANON. 1999(l). Two gunmen kill up to 25 people in rampage at Colorado high school. *National Post*, April 21.
BARCLAY, W. 1958. Paul's certainties. *The Expository Times*, 69:324-327.
BENADE, A. (benadea@awc.carlisle.army.mil) 1999. UN Resolutions. E-pos aan Oosthuizen, I.J. (dopijo@puknet.puk.ac.za).
BOSHOFF, S.P.E. & NIENABER, G.S. 1967. Afrikaanse etimologieë. Pretoria : Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns.
BRIDGRAJ, A. 1999. Principles under fire. *The Teacher*, February.
CRITTENDEN, J. 1999. Third suspect eyed in school killings. *Boston Herald*, April 24.
DE LANGE, J. 1999(a). Skok oor HIV by myn. *Beeld,* Maart 6.
DE LANGE, J. 1999(b). Cosatu se leierskorps toets hulle vir vigs. *Beeld,* Mei 12.
DU PREEZ, L. 1999. Onderwysers dra by tot swak uitslae in Noordwes. *Beeld*, September 15.
ELS, P.L. 1994. Sorgsame toesighouding van die werkwinkelonderwyser ten opsigte van leerlingveiligheid. Potchefstroom : PU vir CHO. (M.Ed.-Skripsie.)
ERASMUS, E. 1999. Skêrsteker het glo gedreig wittes gaan val. *Beeld*, Augustus 19.
FOURIE, R. 1999(a). Rowers slaan toe by hospitaal en skool in Noorde. *Beeld*, Junie 21.
FOURIE, R. 1999(b). Leerkragte in hof ná dood van 3 leerlinge. *Beeld*, Junie 21.
GEERTS, G. & HEESTERMANS, H. 1992. Van Dale Groot Woordenboek der Nederlandse Taal. Utrecht : Van Dale.
JOUBERT, H.J. 1998. 'n Multikulturele perspektief op onderwysregsopleiding vir onderwysregbestuurders. Pretoria : UP. (Ph.D-proefskrif.)
HAVENGA, J.F. 1994. Die gesagsverhouding tussen die onderwyser en sy werkgewer. Potchefstroom : PU vir CHO. (M.Ed.-skripsie.)
JACKSON-AZZAKANI, G. 1999. Meisie getuig oor pynkrete toe leerkrag arm breek. *Beeld*, Junie 22.
JOUBERT, J. 1998. Vakbonde bekyk regsimplikasies van vigsbeleid in skole. *Beeld*, Desember 18.
KRUGER, N. 1997. 'n Model vir veiligheidsbestuur in die elektriese-werkwinkelsentrum in skole. Potchefstroom : PU vir CHO. (Ph.D.-proefskrif.)
KRUGER, T. 1999. Onderwyseres sterf nadat mans haar trompop voor leerlinge skiet. *Beeld*, Junie 12.
KÜHNE, I. 1999. Seun skiet onnie dood in klaskamer. *Beeld*, Maart 6.
MAKUMBILA, I. 1999. A day in my life. *The Teacher,* February.
MALHERBE, E.F.J. 1998. Die grondwetlike beskerming van godsdiensvryheid. *Tydskrif vir Suid-Afrikaanse Reg,* 4.
MOTANYANE, P. 1999. Some shocking findings. *The Teacher,* February.
MTSALI, T. 1999. Rule of the jungle. *The Teacher,* March.
NTOMBELA, B.C. 1999. Try being a strict principal and you may lose your life. *The Teacher*, February.
OBERHOLZER, C.K. 1968. Prolegomena van 'n prinsipiële pedagogiek. Kaapstad : HAUM.
OOSTHUIZEN, I.J., *red*. 1999. Aspekte van die onderwysreg. Pretoria : Van Schaik.
PEACOCK, M. 1999. Taking care of the extreme. *Children First*, June/July.
PEI. (Report of the president's education initiative research project.) 1999. Johannesburg : The Joint Education Trust.
PIETERS, M. 1999. Wilde skietgeveg by skool. *Beeld*, Mei 11.
POTGIETER, D. 1999. Weermag toets of troepe aan vigs ly. *Beeld*, Februarie 14.

SCHOONEES, P.C., TOERIEN, M.F., VAN BLERK, N., WESSELS A.C., SNIJMAN, F.J., SCHOONEES, L.J. & SWANEPOEL, C.J. 1988. Woordeboek van die Afrikaanse Taal. Pretoria : Staatsdrukker.
SWANEPOEL, T. 1999(a). Leerkrag dalk geskors oor seks, drank. *Beeld*, Junie 19.
SWANEPOEL, T. 1999(b). Meisie (6) in skool se toilette verkrag. *Beeld*, Junie 23.
SWANEPOEL, T. 1999(c). Vigskuur 'n treetjie nader. *Beeld*, Februarie,12.
SQUIRE, L. 1998. Confronting aids. *Finance & Development*, March.
TAYLOR & VINJEVOLD. 1999
*kyk* PEI
TEMPELHOFF, E. 1999(a). Onnie voor tugkomitee ná beweerde seks met leerling. *Beeld*, Julie 23.
TEMPELHOFF, E. 1999(b). Ouers moet hande vat om sterk skole te bou sê Bond. *Beeld*, Mei 13.
VN
*kyk* Verenigde Nasies
VERENIGDE NASIES. 1989. Convention on the Rights of the Child. New York.
VAN DER WALT, J.L. & DEKKER, E.I. 1983. Fundamentele opvoedkunde vir onderwysstudente. Silverton : Promedia.
VAN DER WESTHUIZEN, P.C., *ed*. 1999. Effective Educational Management. Pretoria : HAUM.
VAN ZYL, P. 1999. Bloedbad by skool laat 3 dood. *Beeld*: Julie 30.
VAN ZYL, P. 1970. Die idee van geborgenheid. Pretoria : UP. (D.Phil.-proefskrif.)
VAUGHAN, T van B. 1975. Geborgenheid as ordeningskriterium in die pedodiagnostisering. Johannesburg : RAU.
SA
*kyk* Suid-Afrika.

## Wette:

SUID-AFRIKA. 1996(a). Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika 108 van 1996. Pretoria : Staatsdrukker.
SUID-AFRIKA. 1996(b). Wet op Nasionale Onderwysbeleid Suid-Afrika 27 van 1996. Pretoria : Staatsdrukker.
SUID-AFRIKA. 1998. Riglyne vir die Oorweging deur Beheerliggame in die Aanvaarding van 'n Gedragskode vir Leerders. *Staatskoerant*: 776, Mei 15.

**Kernbegrippe:**

geborgenheid van leerders
geborgenheidsruimte vir leerders
leerderveiligheid

**Key concepts:**

learner security
learning environment of security